Verwysing: 20170607-1788
12/12/13/1
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0020/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Distriksdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en beheer, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die inlig van skole oor die reëlings vir die 2018 beheerliggaamverkiesing*

Onderwerp: Aankondiging van die 2018 beheerliggaamverkiesing

1. Inleiding

1.1. Beheerliggame speel 'n uiters belangrike rol in die ondersteuning van prinsipale en skoolbeheerspanne om behoorlike leierskap en beheer in ons skole te verskaf.

1.2. Die nasionale beheerliggaamverkiesing is geskeduleer vanaf 01 Maart 2018 tot die einde van die eerste skoolkwartaal van 2018. Die verpligte induksieopleiding van die nuutverkose beheerliggame sal tussen 10 April en 28 September 2018 plaasvind.

1.3. Die algemene doel van die verkiesingsproses is om te verseker dat behoorlik verkose, bevoegde en visioenêre beheerraadslede verkies word om kwaliteit onderrig en leer by skole te ondersteun.

1.4. Die implementering van die 2018 verkiesingsproses vereis die betrokkenheid van amptenare op alle vlakke van die onderwysstelsel, asook tersaaklike sleutelbelanghebbers soos beheerliggaamverenigings.

2. Die hersiene provinsiale regulasies

2.1 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is in die proses om die hersiene Konsepregulasies op die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017 te finaliseer en sal dit mettertyd aan skole gestuur word.

2.2 Die hersiene provinsiale regulasies sal vanaf 10 Mei 2018 van toepassing wees.

3. **Afwykings van die enkeldagproses vir nominasies en verkiesings**

3.1. Skole wat wil afwyk van die nominasie-en-verkiesingsdagproses, soos in die provinsiale regulasies gestipuleer, moet by hul distriksdirekteur om goedkeuring aansoek doen.

3.2. Enige afwyking mag op geen wyse die betrokkenheid van ouers benadeel nie. Dit moet deeglik verduidelik en gemotiveer word aan die skoolgemeenskap sodat almal die proses wat gevolg moet word, verstaan.

3.3. Die redes vir die afwyking moet duidelik uiteengesit word in die aansoek aan die distriksdirekteur.

4. **Verkiesing van lede van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) tot die beheerliggaam**

4.1. Die VRL sal uit eie geledere twee leerders kies wat lede van die beheerliggaam sal wees. Die ampstermyn van 'n lid van die beheerliggaam wat 'n leerder is, mag nie een jaar oorskry nie.

4.2. Dit sal nie nodig wees om weer die twee VRL-lede wat op die beheerliggaam dien, te verkies nie, aangesien hulle reeds in plek is. Hulle termyn op die beheerliggaam oorskry nie een jaar nie, en hulle is verkiesbaar om op die nuwe beheerliggaam tot aan die einde van 2018 te dien.

5. **Ondersteuning aan skole**

5.1. Dit is die plig van die distriksverkiesingspanne om oor die verkiesingsproses in die onderwysdistrikte en kringe toesig te hou.

5.2. Indien 'n skool ondersteuning benodig of navrae het, moet die prinsipaal die toepaslike verkiesingspankoördineerder vir die distrik kontak, soos hieronder aangedui:

Onderwysdistrik	**Distriksverkiesingspan-koördineerder**	**Telefoonnommer**
Kaapse Wynland	Mnr J Goliath	023 348 4604
Eden en Sentrale Karoo	Mnr A Ellman	044 803 8309
Metro-Sentraal	Mev B Robertson	021 514 6700
Metro-Oos	Mnr E Magodla	021 900 7000
Metro-Noord	Mnr L Rutgers	021 938 3000
Metro-Suid	Mev L Primo	021 370 2000
Overberg	Mnr J Bailey	028 212 1730

Weskus	Me A Truter	021 860 1200

6. **Koöptering van ouerlede vir die tydperk 01 Januarie – 30 Maart 2018**

6.1. Tydelike vakatures kan gedurende die bovermelde tydperk in die beheerliggaam voorkom omdat die ampstermyn van sommige ouerlede eindig. In hierdie gevalle moet skole gepaste, kwalifiserende en bekwame lede koöpteer om op die beheerliggaam gedurende die eerste kwartaal van 2018 te dien.

6.2. Die distriksverkiesingspan sal skole en beheerliggame van inligting oor die oorhandigingsproses van die huidige na die nuutverkose beheerliggaam, asook inligting vir die nuutverkose beheerliggame, voorsien.

7. **Opleiding van skoolverkiesingsbeamptes**

Prinsipale en adjunkprinsipale sal vanaf 29 Januarie 2018 tot 09 Februarie 2018 as verkiesingsbeamptes opgelei word.

8. **Ondersteuning**

8.1. Verskillende ondersteuningstrategieë word beplan op nasionale, provinsiale en distriksvlakke om ouers, gemeenskapslede, onderwysers en nie-onderwyspersoneel aan te moedig om aan die beheerliggaamverkiesingsproses by die skool deel te neem.

8.2. Op gemeenskapsvlak onderneem beheerliggaamverenigings as lede van die Provinsiale Verkiesingspan die mobilisering van ondersteuning met behulp van verskeie gemeenskapstrukture.

8.3. Skoolverkiesingspanne word ook aangemoedig om hul eie strategieë te ontwikkel om ondersteuning vir die komende verkiesings by hulle skole te mobiliseer.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-06-28